# HEILIGMAKING (2)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

*U word aangeraai om die voorafgaande lesing(s) te bestudeer om by hierdie gedeelte aan te sluit.*

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VIR OORDENKING:** **2 Thessalonicense 2:11 – 17; Kolossense 3:1-14**

**2 Thessalonicense 2:11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,**

**2Th 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.**

**2Th 2:13 Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid,**

**2Th 2:14 waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.**

**2Th 2:15 So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons.**

**2Th 2:16 En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het,**

**2Th 2:17 julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!**

**--o0o-**

**Kolossense 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.**

**Kol 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.**

**Kol 3:3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.**

**Kol 3:4 Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.**

**Kol 3:5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,**

**Kol 3:6 waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom,**

**Kol 3:7 waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.**

**Kol 3:8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond.**

**Kol 3:9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het**

**Kol 3:10 en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,**

**Kol 3:11 waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Skith, slaaf,**

-o0o-

**vryman is nie, maar Christus is alles en in almal.**

**Kol 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.**

**Kol 3:13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.**

**Kol 3:14 En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.**

**-o0o-**

Ons het gesien dat die satan besig is om die plek voor te berei vir die Antichris, maar die **Lig** hou hom teë. Hy kan nie in totaal geopenbaar word, as die Lig nie weggevat word nie. Hy sal met allerhande tekens, wonders en kragtige dade kom om die mense te verlei. God sal hulle dan oorgee *om die leuen te glo*, omdat hulle nie die ware evangelie aanvaar het nie, *maar behae gehad het in die ongeregtigheid. (2 Thess. 2:11-12)*

## 1. 2 GROEPE MENSE

**2 Thess. 2: 13 Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid,**

Dit is baie duidelik dat daar 2 groepe mense is.

- Die een groep het die waarheid verwerp
- Die ander groep, met wie hy hier praat, word *deur die Here bemin*.

Neem kennis, ek het ook 'n lering rondom die boeke van Openbaring. Een van hierdie boeke is die *"Boek van die Lewe van die Lam van God".* Dit is die boek wat geskrywe is voor die grondlegging van die wêreld. Daarin is almal wat God beplan het om die Koninkryk van God te beërwe.

Hierdie groep mense het aangeneem en gevat wat God vir hulle gegee het.

- Hulle het die volledige evangelie aangeneem.
- Hulle het 'n verhouding gebou met die Heilige Gees en,
- toegelaat dat die Heilige Gees hulle tot heiligmaking sal wees. Sonder heiligmaking, sê dit vir ons in Hebreërs 12:14, sal niemand die Here sien nie.

Hierdie groep mense het hulle absoluut oorgegee aan die Heilige Gees.

## 2. SEËNWENSE

**2 Thess. 2: 14 waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.**

**2 Thess. 2: 15 So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons.**

**2 Tess 2: 16 En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het,**

**2 Tess 2: 17 Julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!**

Hier spreek 'n man net 'n seënwens uit.

Wie is hierdie mense ......

- wat in heiligmaking deur die Heilige Gees tot saligheid geroep is

- wat die waarheid van die geloof bewaar het,
- wat God van die begin af lief gehad het,
- wat Hy beplan het om gered te word.

Dit wys net vir jou hoe sluit hierdie hele saak aan. Hierdie is 'n maatstaf om te kyk waar staan ons in die Here. Mense julle kan nou self 'n bietjie gaan kyk.

### 3. DIE VLEES MOET STERF

**Kol 3: 1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.**

Hoe kan ons opgewek word? In Romeine 8 sien ons, dat die Gees van God, wat Christus opgewek het, in ons moet woon. Ons moet sterf vir die vleeslike dinge. Vergeet hierdie dinge op aarde en *soek die dinge daarbo waar Christus is.*

***Mat 6:33*** *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*
***Rom 8:11*** *En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*

**Kol 3: 2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.**

Dit is so jammer dat die kinders van die Here nog steeds, ek wil amper sê, gebonde is met hierdie aardse dinge. Dit is tyd dat ons los kom.

- Dit is tyd dat ons vrykom van die gebondenheid van die Babiloniese sisteem.

Kom uit haar uit my volk, want sy gaan geoordeel word. Dit staan geskrywe. Die Here waarsku ons en sê dat ons onder haar moet uitkom. Ons moet deel van die vrygemaaktes wees, sodat ons nie haar oordele sal ontvang nie. Geoordeel gaan sy word, so seker soos wat ek lewe. Dit staan geskrywe. As jy nog vashou aan die Babiloniese sisteem, so gepla is oor die aardse dinge en ek wil amper sê, mal gaan daaroor, dan het jy ernstige probleme.

**Kol 3: 3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.**
**Kol 3: 4 Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.**

➢ Nou gee hy raad.

**Kol 3: 5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,**

Hoerery is nie net fisiese gemeenskap nie. Dit is ook hoerery met afgode of met enige vorm van eenwording met demoniese magte.

- Dit is verbonde wat aangegaan word met gevalle engele en demoniese magte.

As hierdie goed nog 'n plek het in jou lewe, dan, sê die Bybel, hoereer jy met hulle, want jy is in 'n eenheid met hulle.

### 4. VRYHEID IN CHRISTUS

**Kol 3: 6 waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom,**
**Kol 3: 7 waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.**
**Kol 3: 8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond.**

**Kol 3: 9  Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het**
**Kol 3: 10  en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,**
**Kol 3: 11  waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal.**

In Christus Jesus is daar nie meer Griek, Jood, besnedene, onbesnedene, barbaar, Scith, vryman of slaaf nie.  Ons is almal nuwe skepsele in Christus Jesus.  Waarom sal jy dan nog tradisies en goed wil onderhou, as daardie volke en dinge nie meer bestaan nie?  Dit is altyd my vraag.  Daar is mense wat hulleself gebonde maak in soveel rituele, nasies en tale.  Dit gebeur veral in die Joodse tradisie (rituele en goed).

Daar is nie meer, volgens die skrif, 'n Jood nie.  As daar nie 'n Jood is nie, is daar nie 'n wet nie.

- Die Bybel sê vir ons dat ons alleenlik deur die wet geoordeel gaan word, as ons nie in Christus Jesus is nie.
- In Christus Jesus is ons nie meer gebonde met die wet nie.
- Die Here is die volmaakte persoonlikheid wat die wet en die profete tot vervulling gebring het.

Daar is nie meer Jood, Griek, of wat ook al nie.  Om die rede, hou ek nie van titels nie, want jou funksie is nie jou titel nie.  Die oomblik dat 'n mens 'n titel bysit, klink dit asof jy jouself hoër ag as 'n ander persoon, omdat jy aangespreek moet word op 'n titel.  Nee mense, daar bestaan nie so 'n ding nie.

- In Christus Jesus moet ons mekaar se diensknegte wees.
    - Die voorbeeld wat Christus vir ons kom stel het, was om mekaar te dien.

**Kol 3: 12  Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.**

Kan julle dit sien?

**Kol 3: 13  Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.**
**Kol 3: 14  En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.**
**Kol 3: 15  En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.**
**Kol 3: 16  Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.**
**Kol 3: 17  En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.**

Wat hy eintlik sê is, lewe 'n lewe.  Ons gaan terug na 2 Tess 2:13

## 5. LEWE HEILIGMAKING UIT

**2 Thess. 2: 13  Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid,**

Wat is hierdie *heiligmaking van die Gees?*  Dit is presies wat ek vroeër vir julle gesê het.

- Heiligmaking van die Gees beteken transformasie uit jou sondige natuur.

Dit is waarom hy sê in Kol 3: 7 dat julle almal daar was *toe julle daarin geleef het*.  Julle het vroeër daarin gewandel.  Hy sê in Kol 3: 5, maak *dood dan julle lede wat op die aarde is.*

-o0o-

**Uitdaging:**

i) Begin nou. Laat die Heilige Gees hierdie heiligmakings proses in julle lewe, soos beskryf vanaf Kol 3: 5 tot Kol 3: 17, begin doen.
ii) Laat die Heilige Gees jou lei. Hy weet wat verkeerd is in jou lewe.
iii) Wees in 'n binnekamer verhouding met Hom, sodat Hy jou kan begin bou.
iv) Die Gees van God kan ons na die perfekte persoonlikheid laat groei, soos wat die Vader voor die grondlegging beplan het oor jou en oor my.

(Lesing 3 volg hierna).

-o0o-

As per some Commentaries

**Scith Name Meaning**

Historically, surnames evolved as a way to sort people into groups - by occupation, place of origin, clan affiliation, patronage, parentage, adoption, and even physical characteristics (like red hair). Many of the modern surnames in the dictionary can be traced back to Britain and Ireland.

**Scythian -** This word does not occur elsewhere in the New Testament. The name Scythian is applied in ancient geography to the people who lived on the north and northeast of the Black and Caspian seas, a region stretching indefinitely into the unknown countries of Asia. They occupied the lands now peopled by the Mongols and Tartars. The name was almost synonymous with barbarian, for they were regarded as a wild and savage race. The meaning here is, that even such a ferocious and uncivilized people were not excluded from the gospel, but they were as welcome as any other, and were entitled to the same privileges as others. No one was excluded because he belonged to the most rude and uncivilized portion of mankind.

**Barbarian, Scythian**; all such were Barbarians to the Romans, that did not speak their language; and as were such also to the Greeks, who were not of their nation, and therefore Greeks and Barbarians are opposed to each other, see Rom 1:14 and so they are here in the Syriac version, which reads "Greek" and "Barbarian". The Arabic version, instead of "Barbarian", reads "Persian", because it may be, a Persian is so accounted by the Arabians; and because the Scythians were, of all people, the most barbarous and unpolished (z), and were had in great disdain by others, therefore the apostle mentions them, as being within the reach of the powerful and efficacious grace of God; nor were the fierceness of their dispositions, and the impoliteness of their manners, any bar unto it. It matters not of what nation a man is, so be it he is but a good man, especially in Christianity, all distinctions of this kind cease.

-o0o-